**Die skeppingsverbond**

**Gen 1:26-31, 2:15-25**

**2 April 2023**

1. Vantevore: God het alles geskep. Tuin van Eden was eerste tempel. God se rus wys na ons komende ewige rus.
2. Gen 1 en 2 beskryf die sluiting van die skeppingsverbond tussen God en die mens:
    a. Vanaf Gen 2:4 is dit die Verbondsgod wat optree
    b. Hos 6:7 – Adam het die verbond oortree
    c. Gen 1 en 2 bevat al die elemente van verbondsluiting: (1) Ooreenkoms tussen God en die mens (2) God administreer dit soewerein (3) Bevat bepalings wat tot lewe of dood lei
3. Skeppingsverbond is ooreenkoms/verbintenis tussen God en die mens (Gen 1:26-27)
    a. God se handeling met mens is grootste fokus in Gen 1, bykans enigste fokus in Gen 2
    b. God skep die mens na Sy beeld – mens moet iets van God reflekteer (vgl Gen 5:3)
        - God het geheers toe Hy die hemel en aarde geskep het – God verwag van die mens om te heers oor die diere en die aarde
        - God het begin om die aarde te vul tydens die skepping – God verwag van die mens om die aarde verder te vul
        - Nuwe mens moet in geregtigheid en heiligheid leef – soos God (Ef 4:24)
4. Skeppingsverbond word soewerein deur God geadministreer
    a. Gen 1 en 2 beskryf hoe God soewerein alles skep en opdragte gee aan Sy skepsels
    b. In Gen 1 is God die enigste party wat optree, in Gen 2 tree Adam net op in reaksie op God se opdrag om diere name te gee, en as God aan hom sy vrou gee
5. Skeppingsopdragte aan die mens (Gen 1:26-31, 2:15-25)
    a. Heersersrol van die mens: (1) Heers oor diere en skepping (2) Tuin bewerk (3) Tuin bewaak (4) Aarde onderwerp
    b. Onderhouding van die sewende dag as rusdag
    c. Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde (Gen 1:28, 2:18, 21-24)
        - God maak die vrou as helper vir man om hierdie opdrag uit te voer
        - Eenheid tussen man en vrou (Gen 2:21-24): eksklusiewe verhouding, intieme verhouding, lewenslange verhouding (Mat 19:5-6)
        - Struktuur binne die huwelik (Gen 2:21-24):
            - Vrou is doelgerig deur God gemaak om helper te wees vir man
            - Man is hoof in die huwelik (vgl Ef 5:25)
            - Vrou is ook man se gelyke – beide is na God se beeld geskep (Gen 1:27, Gal 3:28, Mat 22:30)
    d. Van die boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie (Gen 2:16-17)
        - Die mens sou sterf as hy van hierdie boom eet
        - Vrugte van die boom was goed (Gen 3:6)
        - Mens moes hom weerhou van die boom bloot omdat God so gesê het (vgl Deut 8:1-3, Mat 4:4)
        - Beginsel geld ook vir al die ander skeppingsopdragte
6. Skeppingsverbond is ‘n werkverbond – die mens moes spesifieke werke doen om te bly lewe (alhoewel God ook genadig optree – Hy skep die mens, plant die tuin, gee baie bome)
7. Opsommend: Gen 1-2 leer ons waar alles vandaan kom, waarheen alles op pad is, wat God van ons verwag